Publication: EIKESTADNUUS
Date: 2015-06-18
Page: 7

# Jeug verdien meer as 'n dag

HELENÉ BOOYENS

**Die 16de Junie 1976 was in vele opsigte 'n keerpunt in Suid-Afrika se politieke geskiedenis.**

Jongmense se verset teen die destydse Vorster-regering se gedwonge taalbeleid was 'n gevoelige slag vir politici wat apartheid probeer regverdig het. Die internasionale gemeenskap het ook kort daarna feitlik eenparig besluit om Suid-Afrika ekonomies en kultureel te isoleer.



**Helené Booyens glo die jeug van Suid-Afrika is verloën deur die huidige wyse waarop Jeugdag gevier word.**

Die skrif was aan die muur. Hierdie laaste bloedige hoofstuk van die bevrydingstryd het die begin van apartheid se einde ingelei en die weg help baan vir die demokratiese verkiesing van 1994. Die jaarlikse herdenking van die jeug se dapperheid bykans 40 jaar gelede is daarom gepas.

Die probleem is egter dat, ná 1994, Jeugdag al hoe minder in diens begin staan het van dié wat destyds in Soweto gesterf het. Daar kan dus met reg gevra word of Jeugdag deesdae hoegenaamd 'n groter doel dien en werklik jongmense se bydrae tot 'n demokratiese Suid-Afrika vier.

Die jeug van vandag leef in 'n wêreld wat oor die afgelope 40 jaar op vele terreine bykans onherkenbaar verander het. Die uitdagings is ook anders as destyds.

Vandag veg jongmense nie teen 'n rassistiese minderheidsregering nie, maar probeer hulle om hul weg in 'n hoogs mededingende globale ekonomie te vind. Ons jeug word al hoe verder agtergelaat – nie net in ontwikkelende lande in die Ooste nie, maar ook in Afrika.

Hoewel Suid-Afrika een van die duurste onderwysstelsels in die wêreld het, is ons wiskundige geletterdheid van die laagste. Op alle opvoedingsterreine, maar veral in kritieke velde soos wiskunde en wetenskap, is ons besig om agter te raak. Meer as 'n derde van alle skoolverlaters is en bly werkloos omdat die opvoedingstelsel hulle nie met die nodige vaardighede vir indiensneming toerus nie.

Ons het 'n Nasionale Jeug-ontwikkelingsagentskap (NYDA) wat veronderstel is om die belange van die jeug te bevorder, maar dit is te betwyfel of die organisasie al met een werklik verdienstelike inisiatief vorendag gekom het. Die geloofwaardigheid van die NYDA word verder bevraagteken deur die feit dat sy hoof meer as 'n miljoen rand per jaar verdien, terwyl miljoene jongmense steeds werkloos is.

Dis hier waar ons die jeug verloën. Om 'n krans iewers te gaan lê of inspirerende praatjies te lewer gaan nie vandag se jeug 'n voorsprong in 'n ontsettend kompeterende globale ekonomie gee nie.

Wat jongmense nodig het, is 'n doeltreffende opvoedingstelsel wat hulle die kundigheid en vaardigheid bied om uit armoede en werkloosheid te ontsnap.

Dalk kan ons leer by die VSA se destydse Kennedy-administrasie wat byvoorbeeld die Peace Corps, een van Amerika se voorste internasionale diensorganisasies, gestig het om vrywilligers met waardevolle lewensvaardighede toe te rus.

'n Soortgelyke inisiatief, onder leiding van kundiges, sou ook goed in Suid-Afrika kon werk, aangesien dit die jeug se talente meer sou ontwikkel as byvoorbeeld 'n kort oorbruggingskursus.

Die jeug het nie 'n spesifieke dag nodig nie – wel 'n matrieksertifikaat en 'n stel vaardighede wat hulle sal help om 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie te lewer.

Die Klas van 1976 het soveel opgeoffer en die minste wat ons kan doen, is om vandag se jongmense 'n opvoeding te bied wat hulle in staat sal stel om 'n beter lewe vir hulself te skep.

▸ *Helené Booyens is 'n BPhil-student in Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission